

Die Omstrede 1 Joh. 5.7 Teks (die Comma Johanneum).

“Daar is drie wat getuig in die hemel,
die Vader, die Woord en die Gees,
en hierdie drie is een”

(Die Bybel in Afrikaans, vierde uitgawe (naslaan 1957)).

Interessantheidshalwe, en vir diegene wat in hierdie tipe teksvergelyking belang sou stel, die volgende vertalings stem ooreen met die Textus Receptus, met ander woorde dit bevat 1 Joh. 5.7 soos hierbo gekwoteer maar let gerus daarop dat daar na bewering meer as 2000 Bybelvertalings is en dit wat dan hieronder gelys word, is maar net `n paar van die belangrike Bybelvertalings:

Die Griekse Textus Receptus (1550)¹.
Die Geneva Bybel (1587).
King James (1769)
Die King James 2000 (1999) .
Literal Translation of the Holy Bible (2000)
Reina Valera (1885)
Reina Valera (Spanish) 1865.
Tyndale New Testament and Pentateuch (1534).
Noah Webster Bible, 1833
Authorized King James, 1611 Edition with Notes.
Authorized King James (latere uitgawes).
Bishops Bible, 1568

1 Erasmus se vertaling uit die oorspronklike Grieks wat in die tyd van Pous Damasius gedoen was, het `n besondere geskiedenis. Erasmus het daarop gewys dat hierdie teks nie in die Griekse teks voorkom nie, maar hy was onder sterk druk vanuit die kamp van die Ou Latynse tradisie en so het hierdie teks in sekere vertalings oorleef tot vandag toe. Dit is dan steeds `n kontroversiële saak maar ons behoort altyd die Ou Latynse tradisie in gedagte te hou as ons hierdie saak beoordeel. Verwys gerus Ester Blomerus se boekreeks, Die Christelike Geloof, Sy Grondslag en Ontplooiing. Hierdie saak behoort dan baie objektief benader te word en enige ywerige student behoort dan gou `n spesifieke vroeë tekstradisie wat op post-apostoliese Christendom deurgewerk het, raak te kan sien

Miles Coverdale Bible, 1535
English Standard Version, 2001
Geneva Bible, 1587 het dit in
Wyclife New Testament, 1385
Luther Heilige Schrift (German) (1545)
King James (2000)
Apostolic Bible Polyglot Interlinear (Greek/English)
Young's Literal Translation
Revised Webster Version (1833)
Textus Receptus (1550/1894)¹
Unaccented Mordern Greek Text²
The Updated King James Version³

Terwyl die volgende vertalings nie 1 Joh. 5.7 bevat nie :

Die Latynse Vulgaat (405).
Revised Standard Version (1946-1971)
Revised Version 1885
Word English Bible 2006
American Standard Version, 1901
Living Bible, 1987
The New English Translation (1996)
Lexham English Bible (NT) (2010)
Montgomery New Testament
Wycliffe se vertaling
Syriac Peshitta (Etheridge se Aramese vertaling)
Revised King James New Testament 2000 Edition
Restored Name King James Version
The Emphasized Bible by J.B. Rotherham
Tregelles' Greek New Testament⁴
Tischendorf's Eighth Edition Greek New Testament⁵
Twentieth Century New Testament⁶
SBGLNT (Society of Biblical Greek New Testament, 2010)⁷
WHNU Westcott-Hort with NA27/UBS4 variants (1881)⁸

KOMMENTAAR:

Ons behoort inderdaad twee tekstradisies raak te kan sien. Hierdie kontensieuse saak is gevolglik allesbehalwe simplisties omrede die Ou Latynse tradisie, soos dit voorkom, die deurslaggewende faktor bly - en veral

- 1 [C:\Program Files \(x86\)\Bible-Discovery\databases\TR.bbl - The Textus Receptus with complete parsing information for all Greek words, base text is Stephens 1550,with variants of Scrivener 1894](#)
- 2 [C:\Program Files \(x86\)\Bible-Discovery\databases\UMGreek.bbl](#)
- 3 [C:\Program Files \(x86\)\Bible-Discovery\databases\UKJV](#)
- 4 The Greek New Testament, Edited from Ancient Authorities, with their various readings in full and the Latin Version of Jerome, by Samuel Prideaux Tregelles LL.D Source <http://www.crosswire.org/sword/> (C:\Program Files (x86)\Bible-Discovery\databases\TNT.bbl)
- 5 [C:\Program Files \(x86\)\Bible-Discovery\databases\Tisch.bbl](#)
- 6 [C:\Program Files \(x86\)\Bible-Discovery\databases\Twenty.bbl](#)
- 7 Bible Analyzer 4. See also www.sblgnt.com/about/introduction.
- 8 [C:\Program Files \(x86\)\Bible-Discovery\databases\WHNU.bbl](#)

met die (Renaissance tydperk) Desiderius Erasmus se omstredende vertaling uit die oorspronklike Grieks in gedagte en wat dan weer die baie belangrike Ou Latynse tekstradisie in sy tyd skerp onder die soeklig geplaas het. Luister gerus ook na Audio Podcasts (English) AD0060 vir 'n standpunt oor Matt. 28.19 en wat ook na 1 Joh. 5.7 verwys webwerf <http://www.housealtarnetwork.com>.

Hierdie saak sal noodwendig verdere besprekings vereis maar belangstellendes kan gerus op die internet kyk na die onderskeie standpunte met betrekking tot die Comma Johanneum-tekste. Maar hou gerus Paulus se kardinale profetiese woord oor die opkoms van die afvallige kerk in gedagte (Hand. 20.17+).

Ons het dan inderdaad vele fragmente en kodekse vandag tot ons beskikking om teksvergelykings te kan maak, maar die oorspronklike apostoliese geskrifte (die Nuwe Testamentiese skrywers), die outograwe, is nie meer tot ons beskikking nie. Diegene wat dan nogsteeds naïef wil volhard in die standpunt dat die apostels se geskrifte glad nie blootgestel was aan redigering in die vroege stadium van die ontplooiing van die Kerk van Jesus nie, behoort weereens te besin. En die maklikste is om die twee tekstradisies teenoor mekaar op te weeg, dit is nou met 1 Joh. 5.7 in gedagte, want wat dusver in teksoorlewering tot ons kennis gekom het, is voorwaar nie te versmaai nie.

En hou gerus Jesus se woorde, so duidelik vir ons gegee as 'n riglyn ten opsigte van hierdie tipe kontroversie wat in die Kerk van Jesus Christus ontbrand het, in gedagte, naamlik Mat. 18.16 : “.....sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan” (v. ook Deut. 19.15). 1 Joh. 5.7 stem goed ooreen met Mat. 28.19, 'n latere tekstradisie (oftewel 'n nie-eerste eeuse apostoliese doopwyse nie). Dit kom voor asof daar wel 'n duidelike Esseense tradisie hier onderskei kan word – die Esseners was 'n Joods-paganistiese sekte wat onder andere deur Josefus en Philo van Alexandria, dit is in die vroege fase van die Kerkgeskiedenis, onder ons aandag gebring was en dit blyk ook dat dit hulle was wat die apostel Paulus intens teëgestaan het in die uitvoering van sy roeping as ware apostel van Jesus Christus.

Artikel opgestel vir die Volgelingen van Jesus (1957)¹ se Christen-Joodse Studies deur Ester Blomerus

23 Desember 2012

Bronne oor die twee tekstradisies : Bible Analyzer 4 en Bible Discovery Sageware (verwys voetnotas tot artikel)

Hierdie twee Bybelprogramme word sterk aanbeveel vir studente wat op selfstudie aangewese is.

<http://www.bibleanalyzer.com/>

<http://www.bible-discovery.com/>

¹ Die Volgelingen van Jesus Bediening (1957) is 'n interkerklike beweging wat homself ten doel stel om te stry vir daardie geloof wat aanvanklik aan die heiliges oorgelewer was (Jud.v3).

